LAER VOLKSKOOL

Posbus 84, Heidelberg, GP 1438
Voortrekkerstraat 15, Heidelberg, GP 1441
Tel.: (016) 341 6216/7
Faks.: (016) 341 2900
E-pos: laervolk@netactive.co.za
Webblad: www.laervolkskool.co.za

16-05-2016

Geagte Ouers en Leerder

OMSENDBRIEF 17 VIR 2016

HOUDING / WAARDE:

VOLKIES SE WAARDES IS:

G - GELOOF
R - RESPEK
I - INTEGRITEIT
L - LOJALITEIT

Kairos Dagmark vind plaas op 23 Julie 2016 vanaf 08:00 - 17:00.
R150 per stalletjie. Kontak vir Liz Spoelstra by 0163417020 of 0834255987

1 **WILDSFEES**:
Onthou Saterdag, 4 Junie vanaf 17:00 tot laat, gaan ons lekker saam kuier en dans rondom die vure. Koop asb jou kaartjie by Chrisna, tot Maandag, 23 Mei, teen R150 per volwassene, R80 per Hoërskool leerder en R50 per Laerskool leerder. Jy bring slegs jou eie drinkgoed en snacks. Daar sal braaipakke, bykosse, vure en eetgerei wees.
Daar sal wilds-droëwors, biltong en braaiwors te koop wees, asook 'n koffie stalletjie, so bring 'n ekstra geldjie saam.

2 **SKOOLGELDE**:
Ouers word versoek om asb die regte VERWYSINGSNOMMERS te gebruik wanneer u bankbetalings doen

3 **GR 1 - 2017 INSKRYWINGS:**
Ouers moet asb kennis neem dat Graad 1 -2017 inskrywings sluit op 31 Mei 2016.

4 **BYBELVASVRA**:
Die eerste rondte van die Bybelvasvra vind plaas op Woensdag, 18 Mei 2016 by Midvaal.

5 **KOOR**:
- Die kore oefen soos normaal.
- Koor optrede - Junior en Senior koor - PWV koorfees, Vrydag, 20 Mei by Laerskool AG Visser.
- Juniorkoor moet asb 15:00 aanmeld vir opwarming in die vierkant (links van die saal). Ons is 4de op die program. Koordrag is as volg:
  Meisies: Wit langmou skoolhemp; Swart langbroek; swart skoolsokkies en -skool-skoene (Geen das, beffies word verskaf).

Seuns: Wit langmou skoolhemp; Grys langbroek; grys skoolkouse en skoolskoene (Geen das, beffies word verskaf).

- Seniorkoor meld aan om 16:00 by die vierkant. Hulle is 8ste op die program wat 15:00 begin. Koordrag is as volg:
  Meisies: Romp en hemp word verskaf; swart effekleur langmou top; swart sykouse of "knee hights" en swart skoolskoene.
  Seuns: Das word verskaf; swart langbroek; swart langmou-knoophemp; swart kouse en skoolskoene.
- Ingang by optrede is R30 per persoon.

6 **STUDIEMETODE KLASSE:**

Die Studiemetode klasse het reeds begin vir Graad 5 leerders. Daar is nog 1 klas.
Dit is belangrik dat leerders al die klasse bywoon. Klas is op 18/5 - vanaf 16:00 - 16:50.
Bring asb die volgende saam: "Highlighters, skryfblok boek, gekleurde penne. Klas vind plaas in Juf Sanet Strydom se klas. Die klas word aangebied deur Juf Helanie Willemse.

7 **SKAAK**:

Daar het 12 Volkies op Vrydag, 13 Mei, deelgeneem aan die Gauteng individuele skole skaakkampioenskappe. 'n Totaal van 430 leerders het deelgeneem uit al die streke van Gauteng. Baie geluk aan ons leerders wat so goed gedoen het en in besonder Brandt Huisamen wat 'n rostrumplek behaal het. Hy het 'n algehele 7de plek in die o/11 kategorie behaal. Leerders wat deelgeneem het Vrydag:
Claryn van Niekerk, Anja Oelofse, Lisa-Marie de Villiers, Stefan Schonken, Reuben Stimie, Gabriella Roos, Danielle de Villiers, Pieter Human, Armin Stimie, Georg Fritz, Brandt Huisamen en Louis de Villiers.

Skaakoefening vir die week:	Maandag	16:00 – 16:45	Graad 3 skaak spelers
	Woensdag	Geen skaakoefening a.g.v. opleiding vir personeel	

8 **NETBAL**:

- Ons oefen soos normaal hierdie week.
- Sterkte vir die spanne wat wedstryde speel op Dinsdag en Donderdag.

9 **RUGBY**:

- PA EN SEUN RUGBYDAG IS OP 21 MEI - BULLE VS STORMERS OP LOFTUS!
  Reëlings vir Saterdag:
  - Busse vertrek om 13:00 vanaf die rugbyveld, waar ouers hulle voertuie kan parkeer.
  - Ouers wat self ry moet R50 parkeergeld betaal as hulle op Affies se gronde wil stop.
  - Die seuns kan enige drag aantrek.
  - Die busse vertrek dadelik na afloop van wedstryd terug.
- Ons speel Dinsdag ten Vryheidsmonument en Donderdag teen Emfulenipark, albei weg wedstryde.
- Bulletjie rugby oefen Maandag en Woensdag vanaf 17:00 - 18:00 tensy dit reën.

10 **LEIERS HOU FONDSINSAMELING:**

Ons leiers het hierdie kwartaal 'n projek waar ons warm komberse en baadjies invorder vir behoeftige maats. Bring ook 'n R10 saam vir 'n lekker worsbroodjie en gewone klere op 27 Mei wanneer ons die klere gaan oorhandig. Kom ons vat hande Volkies!

11 **DISKONTO BOEKUITSTALLING**:

Diskonto boek is weer vanaf Maandag, 16 Mei tot Vrydag, 20 Mei in die Mediasentrum - 09:00 - 15:00. Leerders kan tydens pouse en na skool na die boeke gaan kyk. Bring 'n geldjie saam om vir jou 'n boek te koop. Die uitstalling eindig Vrydag om 13:00. Daar is kaartfasiliteite beskikbaar.

12 **KULTUURAAND 2017:**

Kultuuraand 2017 vind plaas op Vrydag, 17 Februarie 2017. Ons gaskunstenaar is Adam Tas. Kaartjies gaan beskikbaar wees teen R300 per kop. U kan nou al u tafel bespreek by Chrisna 0760519176.

13 **HEIDELBERG EISTEDDFOD:**

Heidelberg Eisteddfod vind plaas vanaf 24 Julie - 6 Augustus, asook Saterdag, 13 Augustus by Heidelberg Public School. Sluitingsdatum vir inskrywings is 31 Mei 2016.

Kostes:

Individueel: R80 p/inskrywing Duet: R120 p/inskrywing
Klein groepe: R150 p/inskrywing Groot groepe: R200 p/inskrywing

Alle inskrywingsvorms, gelde en navrae is by Juf Helanie Willemse in klas 2.
(Heidelberg Eisteddfod sluit alle afdelings in).
Inskrywings en vorms sal beskikbaar wees vanf Maandag, 18 April. Bring asb. die regte gelde, kleingeld is nie beskikbaar in klas nie.

14 **SUIKERBOSRAND EISTEDDFOD:**

Suikerbosrand Eisteddfod se Groep 1 -inskrywings het reeds gesluit. Dit vind plaas vanaf 1-9 Junie. Elke leerder wat ingeskryf het sal 'n briefie ontvang wat hulle moet saamneem die dag wanneer hulle deelneem met hul datum en tyd op.

15 **VOLKIE NUUSBULLITIN**:

Indien u as ouers wil adverteer is die kostes R200. Onthou asb om al die buitesport aktiwieite te epos na chrisnameyer@laervolkskool.co.za en haar kontaknr is 0760519176.

16 **BLOEDSKENK**:

Baie dankie vir almal wat Saterdag, in die lekker reënweer, kom bloedskenk het. Ons het 22 eenhede gekry!

17 **LANDLOOP**:

Suikerbosrand Landloop klub bied op Saterdag, 21 Mei 2016 by Leërgimnasium 'n wedloop aan vanaf 12:00. Inskrywingsgeld beloop R10 per atleet, vanaf 6jaar tot 60+. Afstande is vanaf 2km tot 10km. Vir enige navrae of program, kontak vir Mev Susan du Plessis 0764031471.

Volkiegroete

P. STRYDOM
HOOF